**12 Julie**

Skrifgedeelte: Esegiël 2:1-3:3 (OAV)
Fokusgedeelte: Esegiël 2:8-3:3

# Esegiël en die Woord van God

Toe die Here vir Esegiël as profeet geroep het, moes hy vir die volk sê: So spreek die Here HERE! En om dit te kon doen, gee die Here vir hom 'n boekrol, volgeskryf met klaagliedere en gesug en wee (2:10). Dit wat in die boekrol geskryf was, moes Esegiël nou preek.

Maar hoe moes hy dit nou preek? Moes hy dit, wat in die boekrol staan, aan die volk voorlees? Of moes hy dit net in hoofsaak preek? O nee! Esegiël kry die opdrag om die boekrol op te eet! Natuurlik moet ons die opdrag nie letterlik verstaan nie. Nee, Esegiël moes dit in 'n visioenêre toestand eet.

Nou die belangrike vraag: Waarom het die Here so met Esegiël gemaak? Om vir sy profeet – en vir elkeen van ons as kinders van die Here – te sê: Wie die Woord van God wil verkondig of daarvolgens wil lewe, moet bereid wees om dit op te eet.

Ons kan so baie dinge met die Woord van God doen. Ons kan net na die deel luister wat ons goedvind en die res gerieflik vergeet. Of ons kan 'n deel van die Woord op alle mense toepas, maar onsself gerieflik uitsluit. Of ons kan liries oor die Woord raak sonder om onsself te bekeer. En juis daarom moet ons bereid wees om die Woord – soos Esegiël – te eet!

Toe Esegiël die boekrol geëet het, was dit soet soos heuning. Hoe is dit moontlik? Die boek was dan vol klaagliedere. Daar is maar net een antwoord. Dit was vir Esegiël soet, omdat die Gees hom onvoorwaardelik voor die Woord van God laat buig en gehoorsaam gemaak het om dit vir die volk te gaan preek (vgl. 2:2).

Dit geld ook vir ons. Ons lewe en ons landsomstandighede mag vol klaagliedere en gesug en wee wees (2:10). Maar as ons, in ware berou en bekering, ons toevlug na die Here Jesus neem, en soos 'n Paulus vra: Here, wat wil U hê moet ek doen? (Hand 9.6) – dan brand die Heilige Gees my skerpioengeaardheid so weg (vgl 2:6), dat ek saam met die digter van Psalm 19 dit kan uitjubel: HERE, U verordeninge is soeter as heuning en heuningstroop (10, 11)!

Sing: Psalm 19:5 (Totius)

Dr CJ Malan (Emeritus)